

# Die Christelike Vrou

Leéf die liefde



Amptelike mondstuk van die NHSV



Oktober 2021

## “Eendag” is in ons hande

**Hierdie brief skryf ek met 'n dankbare hart. Ek wil net graag dankie sê vir al die moeite, al die werk en al die ondersteuning wat elkeen by die NHSV vir my bied, want sonder die NHSV sou ek nooit die geleentheid gehad het om te kan studeer nie en sou ek nooit my drome kon verwesenlik nie.**

Die meeste universiteite en tersiêre instansies landwyd se akademiese jaar begin elke jaar in Februarie, en talle studente kan blinkoog die studielokale inloop omdat 'n deposito op hul klasgelde reeds betaal is. Hul ondersteuningsnetwerk is dus in plek en hulle kan konsentreer op daardie “eendag” wat in die toekoms wink wanneer hulle suksesvol kan afstudeer en hul drome verwesenlik.

Een van die **NHSV se hoofprioriteite** is om aandag te gee aan die groei van Suid-Afrika se belangrikste hulpbron – sy jongmense. Die NHSV ondersteun jaarliks al vir dekades tussen 65 en 75 studente wat aan universiteite en ander tersiêre instansies oral in Suid-Afrika studeer. Daardie “eendag” word 'n realiteit met behulp van die NHSV se finansiële ondersteuning aan jong Hervormde lidmate wat hul toekoms en ideale tegemoet loop.

Die NHSV ken jaarliks in Februarie studieleninge toe aan Hervormde studente wat aan tersiêre instansies in enige studierigting wil studeer of reeds studeer. Hierdie uitgebreide studiehulp kan ook prestasiebeurse insluit wat wel toegeken word aan matrikulante of studente in akademiese, kultuur en/of sport wat in die voorafgaande jaar uitsonderlik presteer het. Merietebeurse word ook toegeken in gevalle van enkelouergesinne, waar meer as een kind in 'n gesin studeer, en in besondere gevalle van finansiële nood in 'n gesin.

Met studente wat hul voete vind in die nuwe akademiese jaar van 2022, wil die NHSV ook 'n dienende teenwoordigheid in die lewe van jongmense van die Kerk wees deur weer eens uitgebreide studiehulp aan kwalifiserende Hervormde studente te bied. Aansoekvorms is beskikbaar op die NHSV se webblad <https://nhsv.org.za/dokumentasie/> en die sluitingsdatum vir beurs- en leningaansoeke is 15 November 2021.

*Met hierdie brief wil ek graag dankie sê vir die NHSV lening en merietebeurs wat aan my toegeken is. Hierdie geldelike bydraes asook die lening en beurs wat die NHSV laasjaar aan my toegeken het, maak 'n groot verskil aan my studenterekening. Dankie ook vir die goeie werk wat die NHSV doen, spesifiek ten opsigte van die skep van leer- en ontwikkelingsgeleenthede vir jongmense. Dit beteken meer as wat julle dalk aldag besef.*

**Mari-lizé Beukes, Voorsitter: NHSV Hoofbestuur**



*'n Besondere tuin word 100 jaar oud!*



# 'n Besondere tuin word 100 jaar oud!

Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin Worcester

Angelo Heyns



**Die Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin in Worcester is oorspronklik in 1921 gestig op 17 tot 21 hektaar grond naby 'n spoorlyn by White Hill, vyf kilometer oos van Matjiesfontein. Op daardie tydstip het dit bekendgestaan as Logan Memorial Garden en was dit die tweede Nasionale Botaniese Tuin wat ná die Kirstenbosch Nasionale Botaniese Tuin in Kaapstad gestig is. J Archer, voormalige stasiemeester op Matjiesfontein en liefhebber van vetplante, is in 1925 as die eerste kurator aangestel.**

Weens 'n gebrek aan water en die herleiding van die nasionale pad, het dit egter mettertyd duidelik geword dat Whitehill nie meer 'n geskikte plek vir die tuin was nie. In 1944 het prof RH Compton, destyds direkteur by Kirstenbosch, en mnr J Thudichum, 'n Switserse tuinboukundige in Kirstenbosch, begin soek na 'n meer geskikte plek.

Twee moontlike terreine is geïdentifiseer. Die een was naby Robertson en die ander naby Worcester. 36 morg grond, net noord van Worcester, is geskenk deur die Worcester-munisipaliteit en mnr CP Heatlie (die oorspronklike eienaar van die eiendom waarop die tuin nou geleë is) vir die hervestiging van die tuin op 15 Augustus 1945.

Bykomende grond is geskenk deur die Worcester-munisipaliteit en mnr Heatlie, wat die totale oppervlakte van die tuin tot sy huidige 154 hektaar

# 'n Besondere tuin word 100 jaar oud!



ver groot het. Toe die tuin na Worcester verhuis het, is dit hernoem as die Karoo Nasionale Botaniese Tuin.

Mnr Thudichum is in 1945 aangestel as die eerste kurator op die nuwe plek. Hy was verantwoordelik vir die verskuiwing van plante van White Hill na Worcester. Baie van hierdie plante, veral die kokerbome, wat in Worcester herplant is, oorleef steeds op die oorspronklike plek (oos van die onderste parkeerarea). Mnr Thudichum het die plante natgelei met 'n emmer, wat hy op die stuur van sy fiets gebalanseer het of met 'n juk om die emmers te dra. Mnr Thudichum word in die botaniese wêreld onthou vir 'n opvallende geeloranje vygie, *Drosanthemum thudichumii*, wat natuurlik groei op die skalieheuwels van hierdie tuin.

In 2001, 80 jaar nadat die tuin opgerig is, het die naam van die tuin amptelik verander na Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin, onder die beskerming van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI). Met die toevoeging van die woord *Woestyn* by die naam, word dit beklemtoon dat hierdie tuin plante uit die woestyn- en halfwoestynstreke van Suider-Afrika kweek en vertoon.

## Tuinkenmerke

'n Verskeidenheid waterwyse inheemse plante soos aalwyne, pelargoniums, vygies, struik en bome is te koop by die tuin se plantverkoopkwekery. Tuinboupersoneel help graag met advies oor tuinmaak.

Die Karoo-beddens vertoon plante uit vier van die nabygeleë Karoo-gebiede, naamlik die Klein-Karoo, Groot-Karoo, Tankwa-Karoo en die Robertson-Karoo.

Die Kokerboom Restaurant is naby die onderste grasperk geleë met 'n lieflike uitsig oor die omliggende omgewing. Hierdie gesinsgerigte fasiliteit bied verskeie soorte funksies aan, soos verjaardagpartytjies, jaareindfunksies, troues en kinderpartytjies.

Geniet die pragtige uitsig vanaf die heuwels rondom die tuin, en die unieke flora van die omgewing langs die paadjies en staproetes in die tuin en op die landgoed. Die winter en lente is veral goeie besoeke vir uitsigte op sneeubedekte berge en kleurvolle uitstallings van vygies en eenjarige. Kies uit 'n aantal maklike tot matige staproetes en wandelpaadjies wat duidelik op 'n roetekaart gemerk is.

Verskeie plante wat deur die inheemse mense gebruik is, soos die Nama-mense van Namakwaland, is geplant in die Erfenistuin met sy tradisionele Nama-kookskerm (kookskuiling) en matjieshut (riethuis).

Diere wat gereeld in die tuin opgemerk word, sluit in klein grys muishonde, dassies en drie spesies skilpaaie. Die grootste dier in die omgewing is die skaam Kaapse grysbok.

Kokerbome, halfmense en verskeie ander plante met unieke oorlewingstrategieë kan in die Richtersveld/Gariep-afdeling gesien word. Die tuin huisves 'n groot vetplantversameling binnenshuis sowel as buitenshuis en bestaan hoofsaaklik uit vygies, aasblomme, plakkies en geofiete (bolle).

# 'n Besondere tuin word 100 jaar oud!

Karoo Woestyn

Vervolg



Toegangsfooië beloop R35 vir volwassenes, R25 vir pensioenarisse, R15 vir studente, R10 vir leerders. Botsoc-lede en gestremdes kan die tuin gratis besoek. Dinsdae word slegs vir pensioenarisse gereserveer, wanneer hulle die tuine gratis kan besoek. Begeleide toere kan vooraf gereël word teen 'n nominale fooi.

Die tuin is daagliks oop van 07:00 tot 18:00.

Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut  
Karoo Woestyn Nasionale Botaniese Tuin  
Rouxweg  
Panorama  
Worcester  
6850

Tel: 023 347 0785

E-pos: [karoo-desert-nbg@sanbi.org.za](mailto:karoo-desert-nbg@sanbi.org.za)

Webwerf: [www.sanbi.org](http://www.sanbi.org)

**SANBI**  
Biodiversity for Life  
South African National Biodiversity Institute



**KAROO DESERT**  
National Botanical Garden

**100 YEARS** of celebrating biodiversity conservation **1921–2021**

# *Nicolette se storie*



# Nicolette se storie

Nicolette Lehmann

Sò kom ek anderkant uit

**Ek is sedert 1997 'n toergids/bestuurder, maar verlede jaar het alles verander. Ek het laas op 10 Maart 2020 gewerk en my laaste salaris ontvang. Onverwags het my toerkalender toe van vol bespreek tot absoluut leeg verander. Net kansellaries het ingekom. Aan die begin van verlede jaar was ek die hele jaar bespreek om toere te onderneem – ek sou gaste op lang toere nasionaal en oor ons grense na die Victoriavalle en Chobe neem. My finansies het baie gesond gelyk, maar toe gebeur Covid.**



Ek het van my spaargeld begin leef en uitgawes besnoei. Onder andere het ek van omvattende versekering na slegs derdepartyversekering verander, en ek het ook my selfoonkontrak afgradeer. Seker die moeilikste besluit was dat ek my huis vir een jaar sou verhuur omdat ek self nie meer kon bekostig om daar te woon nie.

Daar is besluit dat ek by my broer en sy gesin in Sedgfield sou gaan woon en sou help om na sy verstandelik gestremde dogter om te sien. Dit was nie maklik nie, want ek moes nou die stryd aansê met die dinamika om na baie jare weer saam met familie te woon. Die dogter het my groot vreugde verskaf, maar dit was nie maklik saam met die res van die familie nie.

Toe ek besef dat Covid nie gou gaan verdwyn en toerisme nie gou sal herstel nie, moes ek weer 'n baie moeilike besluit neem – ek moes my huis verkoop. Ek het toe sak en pak verhuis na Sedgfield, waar ek nou in 'n gehuurde woonstel woon. Dit is nogal 'n aanpassing, aangesien ek sedert 2000 my eie eiendomme gehad het.

Om die pot aan die kook te hou, het ek 'n klein onderneming begin om die vaardighede wat ek gebruik tydens toerbegeleiding, te benut: *Visiting Angels SA*. Hierdeur bied ek hulp aan diegene wat nie by afspraak kan uitkom of gaan inkopies doen nie, ensovoorts. Ek het baie geduld en geniet dit om met ouer mense te werk.

Ek bou stadig kliënte op, want dit is nie so maklik om in 'n klein dorpie te wees nie – die beste advertensie is maar alles mondeling. Die onderneming brei tog wel 'n bietjie uit deur ander dienste wat ek ook byvoeg. Troeteldier- en huis-oppasdienste kry darem effens momentum.

Gelukkig is ek 'n kreatiewe persoon, en dit het my in staat gestel om die hartseer tye te oorkom, my uit die huis te kry en mense in my nuwe omgewing te ontmoet. Ek geniet dit om mosaïek te doen en probeer om ook ander handwerk te doen. Ek het baie wonderlike mense in Sedgfield ontmoet, en dit help om die eensaamheid te verdryf terwyl ek ver van my jarelange vriende af is.

Vir baie jare al maak ek handwerk om te verkoop om my inkomste aan te

# Nicolette se storie

Vervolg

Sò kom ek anderkant uit

vul tydens die stil toerismetye: *Nikki Temba Crafts*. Ek maak graag pakke op vir kinders om hul kreatiwiteit te stimuleer, ook 'n reeks herbruikbare produkte, asook 'n reeks Kersfees-items. Tans berei ek hard voor vir 'n paar van die komende Kersmarkte en hoop om goed te doen. Die inkomste sal beslis welkom wees.

Elke sent help dat ek nie te veel steun op die geld wat ek gekry het deur die verkoop van my huis nie. Dìe moet ek veilig bewaar.

Liefdadigheidswerk lê my na aan die hart en ek het ook by die Eden VLV aangesluit. Sedert 2019 dien ek in die uitvoerende komitee (ons is almal vrywilligers) van die Cape Tourist Guides Association (CTGA is die enigste amptelike gidsvereniging wat deur die regering erken word), en is pas herkies om nog 'n termyn te dien. Ek is betrokke by die ontwikkeling van opvoedkundige materiaal en werkwinkels om die kennis van gidse en die ontwikkeling van die Tuinroete-tak van die Vereniging te verbeter. Dit is natuurlik baie moeilik as gevolg van finansiële beperkings. Ons moes lede bemoedig en hiervoor was aanlyn platforms baie nuttig.

Met die ineenstorting van die toerismebedryf tydens die inperkings, het ons gou agtergekom hoeveel van ons nooit goed deur operateurs behandel is nie. Daar is gevind dat baie operateurs nie voldoen aan basiese diensvoorwaardes nie, dus het baie toergidse nooit hulp soos TERS ontvang nie. Ek het gelukkig by 'n paar ondernemings waar ek gewerk het, WVF betaal, wat beteken het dat ek darem daaruit 'n bietjie geld gekry het. 'n Goeie ding wat dus uit hierdie pandemie kom, is dat daar nou sekergemaak word dat toerismeondernemings die wet volg en byvoorbeeld WVF van alle werknemers moet aftrek, selfs al is hulle vryskut.

Covid het ons geleer dat ons moet geniet wat ons het en waardering daarvoor moet hê. 'n Mens leer ook jou ware vriende ken in sulke tye. Ons is soms sterker as wat ons dink en kan aanpas en maniere vind om 'n inkomste te skep.







Vanoggend het hier 'n digte misbank van die see se kant oor ons deel van die dorp kom hang. So 'n vreemde geheimsinnige atmosfeer geskep. Alles het gevoel asof 'n misterieuse onsigbare iets die lewe tot stilstand bring. Sig is net 'n meter of so, die klanke van die straat af is gedemp, amper fluisteragtig. Die gekondenseerde vog hang soos sluiers kantgordyn die wêreld vol. Met so 'n misbank gebeur daar 'n paar dinge.

Gister se droë wasgoed op die wasgoedlyn is weer klam, amper papnat. As jy vir 'n wyle buite was, is jou klere die ene klamheid as jy weer in die huis kom. Die skottelgoed word nie droog op die droograk nie.

Daardie geheimsinnige ding lê sy kloue om jou, soos 'n nat kombes op 'n koue wintersaad. Dit voel of jou gedagtes, jou denke, waterig word. Vloeibaar. Jy sukkel om vir 'n rukkie op een ding te konsentreer. Die waterdamp laat ook jou gedagtes vloei, nie ontstellend nie, maar vreemd gerusstellend. Dit maak nie saak dat jy een gedagterigting nie tot op die einde deurvolg nie. Asof sommer vanself vloei jou gedagtes heen en weer. En dit is troosvol, gerusstellend. Amper vredevol. Dit maak nie saak hoe jou gedagtes vloei nie.

Die voëls en die duiwe weet nie wat hulle tref nie. Hulle sit op rye op die sementheinings wat hier tussen die huise staan. Waar daar, voordat ons hier kom bou het, bome en fynbos was, is daar nou plaveisel en sementmure en gemanikuurde grasperke. Die voëls se skuilplekke is verwyder. Verwoes. Sonder heencome sit hulle doodstil, en af en toe sal 'n verwilderde tortelduif 'n verwyte koergeluid maak. Die mossies en die vinke fladder van een muur tot op die dak van die buurhuis. Die kiewiete loop vlerksleep oor die teepad om jou weg te lei van waar hul nessies was voor Homo sapiens hul habitat kom oorbou het. Die misbank bring ook vir hulle verwarring.

Hier waar daar nou die dag nog fynbos en veld met wilde aalwyne was, kruip selfs die skilpadjies deesdae oor die teepad op soek na skuilplek. Veldmalvas is die beste skuiling wat hulle kan vind. En dié is maar skaars.

Die nattigheid wat van buite om jou kom sit, maak dat jou oë ook fonteine word waar daar water uitloop. Sommer oor die mossies wat nie blyplek het nie en die skilpadjies wat rigtingloos voortkruie oor die harde, growwe teer.

Gelukkig sal die misbank opklaar. Dan sal die son weer skyn, warm.

*Die medewerker wat hierdie stukkie geskryf het, het dit reeds 'n hele tyd gelede ingestuur. Intussen is sy vrou die afgelope week oorlede. Baie sterkte, my vriend.*


Oktober is Geestesgesondheidsmaand. Geestesongesteldheid neem vele vorme aan, en daar is altyd hulp. Gaan kyk gerus by die volgende plekke op die web:

- <https://www.who.int/campaigns/world-mental-health-day>
- [https://www.sadag.org/index.php?option=com\\_content&view=article&id=1897&Itemid=101](https://www.sadag.org/index.php?option=com_content&view=article&id=1897&Itemid=101)

#### Medewerkers aan hierdie uitgawe:

Ds Hannelie Botha (redakteur), mev Mari-lizé Beukes, mnr Angelo Heyns, mej Nicolette Lehmann  
Taalversorging: Tessa Opperma

Foto's vanaf [www.Pixabay.com](http://www.Pixabay.com) tensy anders vermeld. Ander grafika van [www.flaticon.com](http://www.flaticon.com)  
Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na [admin@nhsv.org.za](mailto:admin@nhsv.org.za)

	<a href="http://www.nhsv.org.za">www.nhsv.org.za</a>		Posbus 111, Worcester 6849		<a href="mailto:diechristelikevrou@gmail.com">diechristelikevrou@gmail.com</a>
	<a href="https://www.instagram.com/diechristelike">diechristelike</a>		<a href="https://www.youtube.com/ChristelikeVrou">Christelike Vrou</a>		082 923 9439

Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van *Die Christelike Vrou* se redaksie of die NHSV nie.